Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# Government Gazette
# Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local 50c Plaaslik
Other countries 70c Buitelands
Post free • Posvry

Registered at the post office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 281 PRETORIA, 4 NOVEMBER 1988 No. 11563

## PROCLAMATIONS

***by the***

***State President of the Republic of South Africa***

**No. 180, 1988**

DECLARATION OF CERTAIN MATTERS TO BE OWN AFFAIRS OF THE WHITE POPULATIONS GROUP AND THE ASSIGNMENT OF THE ADMINISTRATION OF THE PUBLIC RESORTS ORDINANCE, 1969 (ORDINANCE 18 OF 1969) (TRANSVAAL), TO THE MINISTER OF BUDGET AND WORKS: HOUSE OF ASSEMBLY

Under subsection (3) of section 98, read with subsection (4) of that section and section 16, of the Republic of South Africa Constitution Act, 1983 (Act 110 of 1983), I hereby—

(a) declare, after consultation with the Executive Committee of the Province of the Transvaal, that the provisions of Part IV of the said Act shall apply to the Public Resorts Ordinance, 1969 (Ordinance 18 of 1969) (Transvaal), in so far as that Ordinance relates to—

(i) the White population group;

(ii) the Board for Public Resorts established under section 5 (1) of the said Ordinance; and

(iii) the public resorts mentioned and defined in Schedule 1 to the said Ordinance, exluding Pilgrim's Rest and Roodeplaat Dam;

(b) assign the administration of the provisions of the Ordinance referred to in paragraph (a), to the extent indicated in that paragraph, to the Minister of Budget and Works: House of Assembly;

(c) determine that in the application, by virtue of paragraph (b), of the following provisions of the Ordinance mentioned in paragraph (a), namely, sections 3 (2), 4, 28 (1), 29, 30, 32, 33 and 37, any reference, wherever it occurs in the said sections, to "the Administrator", "the Administration" or "the *Provincial Gazette*", shall be construed as a reference to "the Minister of Budget and Works: House of Assembly, "the Administration: House of Assembly" and "the *Gazette*", respectively;



## PROKLAMASIES

***van die***

***Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika***

**No. 180, 1988**

VERKLARING VAN SEKERE AANGELEENTHEDE TOT EIE SAAK VAN DIE BLANKE BEVOLKINGSGROEP EN OORDRAG VAN DIE UITVOERING VAN DIE TRANSVAALSE ORDONNANSIE OP OPENBARE OORDE, 1969 (ORDONNANSIE 18 VAN 1969), AAN DIE MINISTER VAN BEGROTING EN WERKE: VOLKSRAAD

Kragtens subartikel (3) van artikel 98, saamgelees met subartikel (4) van daardie artikel en artikel 16, van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet 110 van 1983)—

(a) verklaar ek hierby, na raadpleging van die Uitvoerende Komitee van die provinsie Transvaal, dat die bepalings van Deel IV van vermelde Wet van toepasing is op die Ordonnansie op Openbare Oorde, 1969 (Ordonnansie 18 van 1969) (Tranvaal), vir sover dié Ordonnansie betrekking het op—

(i) die Blanke bevolkingsgroep;

(ii) die Raad vir Openbare Oorde ingestel kragtens artikel 5 (1) van vermelde Ordonnansie; en

(iii) die openbare oorde vermeld en omskryf in Bylae I by vermelde Ordonnansie, uitgesonderd Pelgrimsrus en Roodeplaatdam;

(b) dra ek hierby die uitvoering van die bepalings van die Ordonnansie in paragraaf (a) vermeld, in die mate in daardie paragraaf aangedui, op aan die Minister van Begroting en Werke: Volksraad;

(c) bepaal ek hierby dat by die toepassing, uit hoofde van paragraaf (b), van die volgende bepalings van die Ordonnansie in paragraaf (a) vermeld, naamlik, artikels 3 (2), 4, 28 (1), 29, 30, 32, 33 en 37, enige verwysing, waar dit ook al in vermelde artikels voorkom, na "die Administrateur", "die Administrasie" of "die *Provinsiale Koerant*", uitgelê word as 'n verwysing na, onderskeidelik "die Minister van Begroting en Werke: Volksraad"; "die Administrasie: Volksraad" en "die *Staatskoerant*";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(d) determine that the provisions of paragraph (c) shall *mutatis mutandis* apply to the references referred to in that paragraph, wherever they occur in the Regulations mentioned in paragraph 2 of Schedule 1;

(e) determine that the Minister of Budget and Works: House of Assembly and the Department of Budget and Works, Administration: House of Assembly shall for all purposes be deemed to be the successor-in-title to the Administrator and the Provincial Administration of the Province of Transvaal, respectively, in respect of all assets, liabilities, rights and obligations which under, in terms of or by virtue of a provision of the Ordinance mentioned in paragraph (a), in relation to the matters mentioned in that paragraph, vested in the Administrator and the Provincial Administration of the Province of Transvaal, respectively, immediately prior to the coming into operation of this Proclamation;

(f) determine that any unexpended moneys appropriated by Parliament for the financial year ending on 31 March 1989 in connection with the administration of a provision of the Ordinance referred to in paragraph (a), in relation to the matters mentioned in that paragraph, shall be deposited in the Revenue Account: House of Assembly referred to in section 2 (1) (b) (i) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975);

(g) amend the laws mentioned in Schedule 1, to the extent there indicated; and

(h) determine that this Proclamation shall come into operation on 7 November 1988.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-sixth day of October, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,

State President.

In relation to paragraphs (a), and (c) to (h), inclusive, of this Proclamation: By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS,

Minister of the Cabinet.

## SCHEDULE 1

### AMENDMENT OF LAWS

1. The Public Resorts Ordinance, 1969 (Ordinance 18 of 1969) (Transvaal), is amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of section 5 of the following subsection:

"(1) (a) The Board for Public Resorts established by Administrator's Notice 310 of 20 March 1970, as it existed immediately prior to 7 November 1988, shall with effect from the lastmentioned date continue to exist for the control, management, development and maintenance of such public resorts, or portions thereof, as the Minister of Budget and Works: House of Assembly may by notice in the *Gazette*, and with effect from a date mentioned in the notice (which may be a date prior to the date of the notice), place under the supervision of the Board.

(b) The Minister may likewise remove any such resort, or portion thereof, from such supervision.";

(b) by the substitution in subsection (1) of section 14 for the words preceding the proviso of the following words:

"A meeting of the Board shall be held at such time and place as may be determined by the Board:";

(d) bepaal ek hierby dat die bepalings van paragraaf (c) *mutatis mutandis* van toepassing is op die verwysings in daardie paragraaf vermeld, waar dit ook al in die Regulasies vermeld in paragraaf 2 van Bylae 1 voorkom;

(e) bepaal ek hierby dat die Minister van Begroting en Werke: Volksraad en die Departement van Begroting en Werke, Administrasie: Volksraad vir alle doeleindes geag word die opvolger in regte te wees van, onderskeidelik, die Administrateur en die Provinsiale Administrasie van die Provinsie Transvaal, ten opsigte van alle bates, laste, regte en verpligtinge wat kragtens, ingevolge of uit hoofde van 'n bepaling van die Ordonnansie in paragraaf (a) vermeld met betrekking tot die aangeleenthede in daardie paragraaf vermeld, by, onderskeidelik, die Administrateur en die Provinsiale Administrasie van die Provinsie Transvaal, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie berus het;

(f) bepaal ek hierby dat enige onbestede gelde wat deur die Parlement bewillig is vir die boekjaar wat op 31 Maart 1989 eindig in verband met die uitvoering van 'n bepaling van die Ordonnansie in paragraaf (a) vermeld, met betrekking tot die aangeleenthede in daardie paragraaf vermeld, in die Inkomsterekening: Volksraad, genoem in artikel 21 (1) (b) (i) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), gestort word;

(g) wysig ek hierby die wette in Bylae 1 vermeld, in die mate aldaar aangedui; en

(h) bepaal ek hierby dat hierdie Proklamasie op 7 November 1988 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Ses-en-twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,

Staatspresident.

Met betrekking tot paragrawe (a), en (c) tot en met (h), van hierdie Proklamasie: Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. C. HEUNIS,

Minister van die Kabinet.

## BYLAE 1

### WYSIGING VAN WETTE

1. Die Ordonnansie op Openbare Oorde, 1969 (Ordonnansie 18 van 1969) (Transvaal), word gewysig—

(a) deur subartikel (1) van artikel 5 deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) (a) Die Raad vir Openbare Oorde, ingestel by Administrateurskennisgewing 310 van 20 Maart 1970, soos dit bestaan het onmiddellik voor 7 November 1988, bly met ingang vanaf laasvermelde datum voortbestaan vir die beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van dié openbare oorde, of gedeeltes daarvan, wat die Minister van Begroting en Werke: Volksraad by kennisgewing in die *Staatskoerant*, en met ingang vanaf 'n datum in die kennisgewing vermeld (wat 'n datum voor die datum van die kennisgewing kan wees), onder die toesig van die Raad plaas.

(b) Die Minister kan insgelyks enige sodanige oord, of gedeelte daarvan, aan sodanige toesig onttrek.";

(b) deur in subartikel (1) van artikel 14 die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"'n Vergadering van die Raad word op dié tyd en plek wat die Raad bepaal, gehou:";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) by the substitution in subsection (1) of section 18 for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"The Minister of Budget and Works: House of Assembly may out of moneys appropriated by the House of Assembly for such purpose, grant loans to the Board for any or all of the following purposes:";

(d) by the substitution for paragraph (d) of section 19 (1) of the following paragraph:

"(d) yearly grants-in-aid, from moneys appropriated by the House of Assembly for such purpose, which the Minister of Budget and Works: House of Assembly may pay to the Board in such amounts, for such purposes and subject to such conditions as the Minister may determine; and";

(e) by the substitution for section 22 of the following section:

"*Auditing of accounts*

22. The accounts of the Board shall be audited by the Auditor-General.";

(f) by the substitution for subsection (3) of section 23 of the following subsection:

"(3) The report and statement contemplated in subsections (1) and (2) shall be Tabled by the Minister of Budget and Works: House of Assembly within seven days of receipt thereof in the House of Assembly if the House of Assembly is then in session or, if the House of Assembly is then not in session, within seven days of the commencement of its next ensuing session.";

(g) by the substitution for subsection (2) of section 24 of the following subsection:

"(2) The Board may appoint such officers and employees as may be necessary for the purposes of those provisions of this Ordinance which apply to the Board, at the remuneration determined by the Minister of Budget and Works: House of Assembly, and on such other conditions of service as may be prescribed.";

(h) by the substitution for subsection (3) of section 27 of the following subsection:

"(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall not be construed as exempting a member, officer, employee or other person contemplated in subsection (1) from liability for being surcharged with the amount of any payment which may be disallowed by the Auditor-General in terms of the provisions of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975).";

(i) by—

(i) the substitution in subparagraph (i) of subsection (2) (a) of section 28 for the expression "Provincial Council" of the expression "House of Assembly";

(ii) the deletion in subsection (3) of section 28 of the words "any may determine their remuneration and conditions of service"; and

(j) by—

(i) the substitution for the word "Administrator", wherever it occurs in sections 5 (3), 8, 9, 10 (1) and (2), 17, 18 (2), 19 (2), 21, 23 (1), 24 (1) and (3), 25 and 28 (2), of the expression "Minister of Budget and Works: House of Assembly"; and

(iii) the substitution for the expression "*Provincial Gazette*" in section 28 (2) (b) of the expression "*Gazette*".

2. The Regulations relating to the Establishment and Extension of Public Resorts, promulgated by Administrator's Notice 632 of 17 April 1974 under section 31 of the Public Resorts Ordinance, 1969, is amended by the deletion in regulation 1 of the definition of "Director".

(c) deur in subartikel (1) van artikel 18 die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"Die Minister van Begroting en Werke: Volksraad kan uit gelde wat die Volksraad van tyd tot tyd vir dié doel bewillig, lenings aan die Raad toestaan vir enigeen van of al die volgende doeleindes:";

(d) deur paragraaf (d) van artikel 19 (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) jaarlikse hulptoelaes uit gelde deur die Volksraad vir dié doel bewillig, wat die Minister van Begroting en Werke: Volksraad aan die Raad kan uitbetaal in dié bedrae, vir dié doeleindes en onderworpe aan dié voorwaardes wat die Minister bepaal; en";

(e) deur artikel 22 deur die volgende artikel te vervang:

"*Ouditering van rekenings*

22. Die rekenings van die Raad word deur die Ouditeur-generaal geouditeer.";

(f) deur subartikel (3) van artikel 23 deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die in subartikels (1) en (2) beoogde verslag en staat word deur die Minister van Begroting en Werke: Volksraad in die Volksraad ter Tafel gelê binne sewe dae na ontvangs daarvan indien die Volksraad dan in sitting is of, indien die Volksraad dan nie in sitting is nie, binne sewe dae na die aanvang van sy eersvolgende sitting.";

(g) deur subartikel (2) van artikel 24 deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Raad kan dié beamptes en werknemers wat nodig mag wees vir die doeleindes van daardie bepalings van hierdie Ordonnansie wat op die Raad van toepassing is, aanstel teen die besoldiging wat die Minister van Begroting en Werke: Volksraad bepaal, en op die ander diensvoorwaardes wat voorgeskryf word.";

(h) deur subartikel (3) van artikel 27 deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) word nie so uitgelê nie dat dit 'n lid, beampte, werknemer of ander persoon in subartikel (1) beoog, vrystel van aanspreeklikheid vir 'n vergoedingsvordering vir die bedrag van enige betaling wat die Ouditeur-generaal ingevolge die bepalings van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), afkeur.";

(i) deur—

(i) in subparagraaf (i) van subartikel (2) (a) van artikel 28 die uitdrukking "Provinsiale Raad" deur die uitdrukking "Volksraad" te vervang;

(ii) in subartikel (3) van artikel 28 die woorde "en hulle besoldiging en diensvoorwaardes vasstel" te skrap; en

(j) deur—

(i) die woord "Administrateur", oral waar dit in artikels 5 (3), 8, 9, 10 (1) en (2), 17, 18 (2), 19 (2), 21, 23 (1), 24 (1) en (3), 25 en 28 (2) voorkom, deur die uitdrukking "Minister van Begroting en Werke: Volksraad" te vervang; en

(iii) die uitdrukking "*Provinsiale Koerant*" in artikel 28 (2) (b) deur die uitdrukking "*Staatskoerant*" te vervang.

2. Die Regulasies betreffende die Instelling en Uitbreiding van Openbare Oorde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 632 van 17 April 1974 kragtens artikel 31 van die Ordonnansie op Openbare Oorde, 1969, word gewysig deur in regulasie 1 die woordomskrywing van "Direkteur" te skrap.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. The Regulations in respect of Public Resorts under the jurisdiction dof the Board for Public Reports, promulgated by Administrator's Notice 891 of 1 July 1977 in terms of the provisions of sections 24 and 37 of the Public Resorts Ordinance, 1969, is amended by the substitution for the expressions "Administrator" and "Provincial Secretary", wherever they occur, of the expressions "Minister of Budget and Works: House of Assembly" and "Head of the Department of Budgetary and Auxilliary Services, Administration: House of Assembly", respectively.

3. Die Regulasies met betrekking tot Openbare Oorde onder die jurisdiksie van die Raad vir Openbare Oorde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 891 van 1 Julie 1977 ingevolge die bepalings van artikels 24 en 37 van die Ordonnansie op Openbare Oorde, 1969, word gewysig deur die uitdrukkings "Administrateur" en "Provinsiale Sekretaris", oral waar hulle voorkom, deur, onderskeidelik, die uitdrukkings "Minister van Begroting en Werke: Volksraad" en "die Hoof van die Departement van Begrotings- en Ondersteuningsdienste, Administrasie: Volksraad" te vervang.

**No. 181, 1988**

DEPROCLAMATION OF WHITE AND COLOURED GROUP AREAS IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT MISGUND, DISTRICT OF UNIONDALE, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under section 33 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby repeal Proclamation 179 of 21 July 1972.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Sixth day of October, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister of the Cabinet.

**No. 181, 1988**

DEPROKLAMERING VAN BLANKE EN GEKLEURDE GROEPSGEBIEDE INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE MISGUND, DISTRIK UNIONDALE, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens artikel 33 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), herroep ek hierby Proklamasie 179 van 21 Julie 1972.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sesde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister van die Kabinet.

**No. 182, 1988**

AMENDMENT TO PROCLAMATION 73 OF 1983 AND THE DECLARATION OF A GROUP AREA IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT STRAND, DISTRICT OF STRAND, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under—

A. section 33 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby amend Proclamation 73 of 1983 by the withdrawal of paragraph D thereof, as from the date of publication of this Proclamation; and

B. section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that the area defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication of this Proclamation, be an area for occupation and ownership by members of the Coloured group.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-sixth day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister of the Cabinet.

**No. 182, 1988**

WYSIGING VAN PROKLAMASIE 73 VAN 1983 EN DIE VERKLARING VAN 'N GROEPSGEBIED INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE STRAND, DISTRIK STRAND, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens—

A. artikel 33 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), wysig ek hierby Proklamasie 73 van 1983 deur die intrekking van paragraaf D daarvan, vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie; en

B. artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Gekleurde groep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Ses-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. C. HEUNIS,
Minister van die Kabinet.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## SCHEDULE

COLOURED GROUP

Beginning at the point where the prolongation north-eastwards of the northern boundary of Erf 6437, The Strand, intersects the middle of the 11,33 metre street (First Street); thence south-eastwards along the middle of the said street to the point where it is intersected by the middle of the 11,33 metre street (Octopus Street); thence south-westwards along the middle of the said 11,33 metre street (Octopus Street) and the prolongation thereof to the point where the last-mentioned prolongation intersects the high-water mark of the sea; thence north-westwards along the said high-water mark of the sea to the point where it is intersected by the prolongation south-westwards of the northern boundary of Erf 5069; thence north-eastwards along the said prolongation to the north-western beacon of the said Erf 5069; thence north-eastwards along the boundaries of the following propeties so as to include them in this area: The said Erf 5069 and Erven 5067, 5065, 5064 and 5063, to the north-eastern beacon of the last-mentioned erf; thence north-eastwards in a straight line to the north-western beacon of Erf 10108; thence north-eastwards along the boundaries of the following properties so as to include them in this area: The said Erf 10108 and Erven 10106, 10105 and 6437, to the point where the prolongation north-eastwards of the northern boundary of the last-mentioned erf intersects the middle of the said 11,33 metre street (First Street), the point of beginning.

## BYLAE

GEKLEURDE GROEP

Begin by die punt waar die noordooswaartse verlenging van die noordelike grens van Erf 6437, Die Strand, die middel van die 11,33-meter-straat (Eerste Straat) kruis; daarvandaan suidooswaarts met die middel van genoemde straat langs tot by die punt waar dit gekruis word deur die middel van die 11,33-meter-straat (Octopusstraat); daarvandaan suidweswaarts met die middel van genoemde 11,33-meter-straat (Octopusstraat) en die verlenging daarvan langs tot by die punt waar laasgenoemde verlenging die hoogwatermerk van die see kruis; daarvandaan noordweswaarts met genoemde hoogwatermerk van die see langs tot by die punt waar dit deur die suidweswaartse verlenging van die noordelike grens van Erf 5069 gekruis word; daarvandaan noordooswaarts met genoemde verlenging langs tot by die noordwestelike baken van genoemde Erf 5069; daarvandaan noordooswaarts met die grense van die volgende eiendomme langs sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 5069 en Erwe 5067, 5065, 5064 en 5063, tot by die noordoostelike baken van laasgenoemde erf; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordwestelike baken van Erf 10108; daarvandaan noordooswaarts met die grense van die volgende eiendomme langs, sodat hulle by hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 10108 en Erwe 10106, 10105 en 6437, tot by die punt waar die noordooswaartse verlenging van die noordelike grens van laasgenoemde erf die middel van genoemde 11,33-meter-straat (Eerste Straat) kruis, die beginpunt.

---

**No. 183, 1988**

AMENDMENT OF PROCLAMATION 174 OF 1966 AND THE DECLARATION OF GROUP AREAS IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966 AT BRITSTOWN, ADMINISTRATIVE DISTRICT OF BRITSTOWN, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under—

(i) section 33 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966) I hereby amend Proclamation 174 of 1966 by the repeal of paragraph B thereof; and

(ii) section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that the areas defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication of this Proclamation, be areas for occupation and ownership by members of the Coloured group.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-sixth day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,

State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS,

Minister of the Cabinet.

## SCHEDULE

COLOURED GROUP

A. Beginning at the westernmost beacon of Erf 522, Britstown; thence south-eastwards along the boundaries of the said Erf 522 and Erf 604 so as to exclude them from this area, to the southernmost beacon of the last-mentioned Erf; thence south-eastwards in a series of straight lines through beacons Pad. 1, Pad. 2, Pad. 3, Pad. 4 and Steen, to the westernmost beacon of the said Erf 522, the point of beginning.

---

**No. 183, 1988**

WYSIGING VAN PROKLAMASIE 174 VAN 1966 EN DIE VERKLARING VAN GROEPSGEBIEDE INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE BRITSTOWN, ADMINISTRATIEWE DISTRIK BRITSTOWN, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens—

(i) artikel 33 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), wysig ek hierby Proklamasie 174 van 1966 deur paragraaf B daarvan te herroep; en

(ii) artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebiede omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, gebiede is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Gekleurde groep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Ses-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,

Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

J. C. HEUNIS,

Minister van die Kabinet.

## BYLAE

GEKLEURDE GROEP

A. Begin by die westelikste baken van Erf 522, Britstown; daarvandaan suidooswaarts met die grense van genoemde Erf 522 en Erf 604 langs sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word, tot by die suidelikste baken van laasgenoemde erf; daarvandaan suidooswaarts met 'n reeks reguit lyne deur bakens Pad. 1, Pad. 2, Pad. 3, Pad. 4 en Steen, tot by die westelikste baken van genoemde Erf 522, die beginpunt.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



B. Erf 1024, Britstown, in its entirety.

C. Beginning at the point where the prolongation of the north-western boundary of Erf 293, Britstown, intersects the middle of Victoria Street; thence north-eastwards along the said prolongation and boundary and the north-western boundary of Erf 300 and the prolongation thereof to the point where it intersects the middle of Richmond Street; thence south-eastwards along the middle of the said Richmond Street, Van Zyl Street and the said Victoria Street to the point first named, the point of beginning.

**No. 184, 1988**

(1) Amendment of Proclamation 205 of 1962;
(2) establishment of a free trading area in terms of section 19 (1); and
(3) the making of a determination in terms of section 19 (3) of the Group Areas Act, 1966, at Stellenbosch, District of Stellenbosch, Province of the Cape of Good Hope.

Under—

(1) section 33 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby amend Proclamation 205 of 1962 by the exclusion from the area defined in paragraph (a) of the Schedule thereto, of the area defined in the Schedule hereto;

(2) section 19 (1) of the said Act, I hereby declare that, as from the date of publication of this Proclamation the provisions of—

sections 13, 14, 15, 20, 35, 37 and 40 of the said Act shall not be applicable in respect of any building, land or premises in the area defined in the Schedule hereto,

subject to the condition that such building, land or premises may only be occupied or used for trading, commercial, professional or religious and educational purposes in terms of a town planning scheme which is in operation or binding under any law in this area; and

(3) section 19 (3) of the said Act, I hereby declare that members of the White group may occupy for residential purposes any building, land or premises in the area defined in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-sixth day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

J. C. HEUNIS,
